**Vrydag 8 Desember**
**Skrifgedeelte: Johannes 2:1-12**
**Fokusgedeelte: Johannes 2:9 (AFR53)**

**Christus gee alles, sodat ons kan lewe**

Met Christus se doop het Hy sy taak as Verlosser en Middelaar begin. Net hierna doen Hy sy eerste wonderwerk: om water in wyn te verander.

Aan die een kant voel dit vir ons vreemd dat Christus se eerste wonderwerk by ’n huwelik is, om water in wyn te verander. Aan die ander kant behoort dit glad nie vreemd te wees nie. Dit is tog met wyn wat Christus die Nagmaal ingestel het. Ons Here Jesus belowe selfs dat Hy weer wyn saam met sy bruid sal drink in die hemel. Dit sal gebeur met die bruilofsmaal waarvan Openbaring praat.

Wat vir ons wel opmerklik moet wees, is wat die water wat in wyn verander, doen. Eintlik ... wat al die gebeure van die huwelik en die wonderwerk doen. Alle aandag word op Christus geplaas. Daar word nie genoem wie getrou het nie, nie die bruid of bruidegom se name nie. Daar word nie genoem waarom Jesus, sy dissipels en Maria uitgenooi is na die bruilof nie.

Alles verdwyn in ’n skaduwee om Christus te vergroot. In ’n tyd van nood het Jesus voorsien wat nodig is. Die woord wat Johannes gebruik om te wys op teken, wys na Christus se Godheid. In hierdie wonderwerk sien ons dat Christus meer as genoeg voorsien. As Hy meer as genoeg vir die fisiese voorsien, so sal Hy dit ook doen vir die geestelike. Trouens, Christus het alles gegee aan die kruis.

Hy het meer as genoeg gegee sodat ons kan lewe. Sodat ons weergebore kan word. Ons kan amper iets hierin sien by die teken van die wyn. Soos wat Christus nodig is om die water in wyn te verander, kan ons nie sonder sy werke aan die kruis verander word nie.

*Sing: Psalm 23-1:1-3*

*Ds. W Brotherton (Werner) (Vryheid)*